***UIT DIE PEN VAN DIE CEO (03/23)***
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 20 Januarie 2023*

***"He who dares not offend cannot be honest" Thomas Paine***

**2022 SEISOENALE OORSIG: VALENCIA**

Syfers van Valencias wat gepak is, word hieronder aangebied – alles in 15 kg karton ekwivalente.

| | Gemiddeld 2017-21 | 2021 | 2022 (Skatting) | 2022 (Werklik) |
|---|---|---|---|---|
| Valencias | 53.1 m | 55 m | 58.2 m | 53.6 m |

Die Valencia-fokusgroep (VFG) het die syfer van Valencias wat gepak is, met 8% oorskat. Die volume van Valencias wat gepak is, is op gelyke voet met die afgelope 5 jaar se gemiddeld, maar 1,4 miljoen onder die 2021 syfer van wat gepak is.
Soos met nawels, het die verpakking van Valencias stadig begin – met 'n toename teen die einde van die seisoen. Letsitele (12,8 m kartonne) was die grootste Valencia-streek, gevolg deur Sondagsrivier (7,6 m), Senwes (6,8 m), Wes-Kaap (5,3 m) en Limpoporivier (5 m).







Die nuwe EU-regulasies het 'n afname in Valencias wat na die EU gestuur is, veroorsaak - van 41% (2021) tot 38% (2022). Suidoos-Asië (hoofsaaklik China) het 'n beduidende toename van 12% tot 16% getoon; Asië het van 9% tot 11% toegeneem en VK van 6 tot 7%. Rusland het van 9% tot 8% afgeneem, terwyl die Midde-Ooste van 18% tot 16% afgeneem het. Noord-Amerika het geen verandering vanaf 2021 getoon nie.

